Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JULIE 2022

Bulletin

#overstrand4all **Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand** #C4ourself

GOEDGEKEURDE BEGROTING PRO-HULPBEHOEWENDES

MUNISIPALITEIT OVERSTRAND SE BEGROTING WAT 'N TOTALE BESTEDING VAN R1.83 MILJARD VIR DIE 2022/23-BOEKJAAR TOON, IS OP 31 MEI 2022 DEUR DIE RAAD AANVAAR.

Ten tyde van dieselfde vergadering het die Raad besluit dat die leeftyd van die huidige geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) verleng moet word om ook die 2022/23-boekjaar te dek.

"Dit sal ons die geleentheid bied om 'n nuwe generasie GOP te ontwikkel wat op verbeterde kommunikasie, voorkoming van misdaad, besnoeiing van koste en uitskakeling van onnodige rompslomp fokus sodat die visie van 'n Overstrand vir alle burgers verwesenlik kan word", het Uitvoerende Burgemeester Rabie gesê en tegelyk bygevoeg dat oorlegpleging oor die formulering van die volgende generasie GOP reeds vroeg in Augustus vanjaar 'n aanvang sal neem.

In antwoord op die ANC se besware dat die begroting nie die behoeftes van die armoedigste mense aanspreek nie, het Burgemeester Rabie daarop gewys dat elektrisiteitstariewe slegs met 7.47% gaan verhoog en dat verskeie items wat normaalweg na munisipale rekeninge gepos word, óf geskrap óf aansienlik verminder is.

"Armoede kan nie bloot die hoof gebied word deur water en elektrisiteit te verskaf en dienste soos riolering en afvalverwydering te lewer nie. Tensy die nasionale regering munisipaliteite toelaat om in informele nedersettings se infrastruktuur te belê, sal hierdie gemors waarin ons onsself bevind, nooit opgelos word nie," het sy bygevoeg.

"Nietemin, as deel van die munisipaliteit se benadering om 'n begroting daar te stel wat pro-hulpbehoewendes is, gaan die voordeel van 6 kℓ gratis water vir deernishuishoudings met ingang 1 Julie 2022 tot 10 kℓ verhoog word en, ten opsigte van riolering word die gratis 4,2 kℓ na 7 kℓ verhoog."

Wat die begroting vir die 2022/23-boekjaar betref, het Burgemeester Rabie gesê dat die begrote inkomste (kapitaaltoewysings uitgesluit) R1.498 miljard beloop en bedryfsbesteding R1.594 miljard (niekontantitems soos waardevermindering ingesluit). Derhalwe word 'n tekort van R96.8 miljoen aangegee.

Met verwysing na die kapitaalbegroting het die Burgemeester aangedui dat die toegewese R236 miljoen vir baie spesifieke projekte gebruik gaan word. Sy het ook daarop gewys dat weens die vermindering in eie befondsing wat vanuit die oorskot vir kapitaalinvestering in 2022/23 beskikbaar is, hierdie bedrag 0.8% minder is as die toewysing in 2021/22.

Beplande kapitaalprojekte

'n Bedrag van R166.6 miljoen is toegewys vir die ontwikkeling van infrastruktuur verwant aan basiese dienste. Hiervan sal 39.3% bestee word aan elektrisiteit, 34.6% aan afvalwater, 24% aan water en 2.1% aan afvalbestuur.

Voorts is voorsiening gemaak vir R66.4 miljoen wat oor die volgende drie jaar aan die verskaffing van infrastruktuur vir behuising bestee gaan word.

*Vir hoogtepunte van die kapitaalbegroting sien "2022/23-begroting in 'n neutedop" op keersy.

Inkomste en uitgawes

Die totale voorsiene inkomste, met inbegrip van ***kapitaaltoewysings***, beloop R1.583 miljard en spruit voort uit die volgende:

- Regeringsbestuur en administrasie: R384.9 miljoen
- Gemeenskap- en openbare veiligheid: R152.6 miljoen
- Ekonomiese en omgewingsdienste: R24.3 miljoen
- Verhandelbare dienste (d.w.s. elektrisiteit/krag, water, riolering en afvalbestuur): R1.0 miljard

Gegewe dat geprojekteerde bedryfsbesteding R1.594 miljard beloop, moet 'n netto tekort van R11.9 miljoen dus gekapitaliseer word.

*Vir besonderhede oor kapitaaltoewysings, beide nasionaal en provinsiaal, sien "2022/23-begroting in 'n neutedop" op keersy.

Vergoeding van munisipale werknemers en raadslede

Die voorsiening vir koste verwant aan werknemers en die vergoeding van raadslede beloop R516.8 miljoen. Dit kom neer op 32.4% van die totale bedryfsbesteding en is binne perke van die norm van 25-40% wat deur Nasionale Tesourie neergelê is.

As 'n statutêre vereiste is daar ook voorsiening gemaak vir R21.9 miljoen om verpligtinge teenoor afgetrede amptenare na te kom, sowel as 'n verdere R12.3 miljoen ten opsigte van raadslede.

Let in hierdie verband daarop dat die Bedingingsraad vir Suid-Afrikaanse Plaaslike Regerings 'n kollektiewe loon- en salarisooreenkoms vir die driejaartydperk vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2024 aangegaan het wat deur alle munisipaliteite landwyd gestand gedoen moet word.

Voorts is die finale verhoging van 3% op die boperk van munisipale raadslede se salarisse, toelaes en voordele eers op 2 Junie 2022 uitgevaardig, met ander woorde nadat hierdie begroting voorgelê is.

Vakatures op die munisipaliteit se diensstaat mag steeds nie gevul word nie, en hierdie begroting maak nie voorsiening vir die insluiting van enige nuwe poste nie.

Bewerkstelliging van 'n ewewig tussen die voorsiening van basiese dienste en inkomste

Die munisipaliteit se totale besteding aan elektrisiteit beloop R543.8 miljoen teenoor 'n inkomste van R578.5 miljoen, wat voorsiening maak vir 'n surplus marge van 6% (d.w.s. 'n oorskot van R34.7 miljoen) vir hierdie diens.

In die geval van water beloop besteding R148.9 miljoen teenoor 'n inkomste van R154.4 miljoen (d.w.s. 'n surplus marge van 3.61% of R5.6 miljoen).

Afvalwaterbestuur maak voorsiening vir 'n netto surplus marge van 4.70% of R5.3 miljoen (d.w.s. 'n inkomste van R112.2 miljoen teenoor 'n besteding van R106.9 miljoen).

Afvalbestuur sal 'n totale inkomste van R96.8 miljoen genereer teenoor 'n besteding van R97.8 miljoen, wat 'n tekort van -0.96% of -R932 duisend (net duskant 'n miljoen) tot gevolg sal hê.

Met betrekking tot hierdie bedrae het die Burgemeester daarop gewys dat enige oorskot op verhandelbare dienste allerbelangrik is, aangesien dit ten doel het om ekstra kontant te genereer wat gebruik kan word om besteding aan kapitaalbates soos voertuie en IKT-infrastruktuur gedeeltelik te finansier.

Kortom styg tariewe as volg

As elektrisiteit buite rekening gelaat word, gaan die gemiddelde huishouding 5% meer moet betaal vir eiendomsbelasting, riolering, afvalverwydering en water. As elektrisiteit bygetel word, kom die algemene styging in die lewering van al hierdie dienste op ongeveer 6.4% neer, afhangende van verbruik.

*Vir besonderhede oor tariefverhogings sien "2022/23-begroting in 'n neutedop" op keersy.

Burgemeester Rabie het haar begrotingsrede afgesluit deur daarop te wys dat bewese volhoubaarheid allerbelangrik is om beleggers te lok. "Aangesien ons tans oor voldoende befondsing beskik om nagenoeg vyf maande se bedryfsbesteding te dek, dink ek ons is heel veilig – veral gemeet teen Nasionale Tesourie se norm van een tot drie maande." Sy het ook haar waardering betuig teenoor inwoners wat voorstelle ingedien en kommentaar gelewer het op die konsepbegroting en bevestig dat die Raad wel verskeie van die kwessies wat geopper is, gaan opvolg.

BEGROTE BESTEDING BELOOP R1.83 MILJARD IN 2022/23-BOEKJAAR

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
Munisipaliteit
U-Masipala
Municipality

BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Inkomste (toewysings uitgesluit) = R1.498 miljard
Mandjie van dienste (ingeslote elektrisiteit) styg gemiddeld met 6.4%

DIENSTE	% VERHOGING	NOTA
Elektrisiteit	7.47%	Goedkeuring van verhoging gegrond op NERSA-riglyne steeds afgewag
Eiendoms-belasting	5.9%	'n Korting van R15 000 op alle residensiële eiendomme plus 'n verdere R35 000 op beboude residensiële eiendomme sal toegestaan word. • Let daarop dat pensionarisse, gestremde persone en bona fide boere vir 'n verdere korting op eiendomsbelasting kan kwali-fiseer, onderworpe aan sekere voorwaardes. Rig 'n gedetailleerde navraag in hierdie verband aan enquiries@overstrand.gov.za.

DIENSTE	% VERHOGING	NOTA
Vullis	5.9%	
Riolering	4.3%	Gratis water/riolering vir deernishuishoudings verhoog van 4,2 kℓ na 7kℓ
Water	4.9%	Gratis water vir deernishuishoudings verhoog van 6 kℓ na 10 kℓ

Nasionale & provinsiale toewysings = R334.9 miljoen

NASIONAAL

Energiedoeltreffendheid & vraagkantbestuur	R5.0 miljoen
Billike deel	R141.9 miljoen
Uitgebreide-openbarewerkeprogram	R2.6 miljoen
Finansiële bestuur	R1.55 miljoen
Geïntegreerde Nasionale Elektrifiseringsprogram	R21.3 miljoen
Munisipale infrastruktuur	R24.6 miljoen
Waterinfrastruktuur	R27.4 miljoen
TOTAAL	**R224.4 miljoen**

PROVINSIAAL

Gemeenskapontwikkelingswerkers	R75 duisend
Ontwikkeling van menslike nedersettings	R96.5 miljoen
Honde-eenheid	R2.4 miljoen
Biblioteekdienste	R8.3 miljoen
Reaksie-eenheid	R2.9 miljoen
Thusong-dienssentrums	R150 duisend
Vervoerinfrastruktuur	R140 duisend
TOTAAL	**R110.5 miljoen**

R236 miljoen toegewys vir beplande kapitaalprojekte, insluitend:

	PROJEK	PLEK	TOEWYSING
BEHUISING	Bou van laekostebehuising	Overstrand	R38.8 m
	Elektrifisering van laekostebehuisingsgebiede	Overstrand	R16 m
	Masakhane-behuisingsprojek	Gansbaai, Wyk 2	R7.6 m
ELEKTRISITEIT	Nuwe 66 kV-substasie	Gansbaai: Franskraal, Kleinbaai, Birkenhead	R37.5 m
	MS/LS-opgradering/vervanging	Hermanus, Wyk 3	R6 m
WATER & RIOLERING	Opgradering van pompstasies en stygleidings	Overstrand	R27.5 m
	Opknapping/opgradering van afvalwaterbehandelingsaanleg	Kleinmond	R22.4 m
	Opgradering van waterlyne en vervanging van pompstasie se versterkingskleppe	Gansbaai, Wyk 2	R7 m
	Opgradering van grootmaat-watervoorsiening	Stanford, Wyk 1	R5.6 m
GEMEENSKAPSDIENSTE	Opgradering van Zwelihle-biblioteek	Wyk 12	R4.4 m

Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van Munisipaliteit Overstrand se 2022/23-begroting, besoek www.overstrand.gov.za

VOORGESTELDE DRIEJAAR-BEHUISINGSBEGROTING 2022-2025

PROJEK	OORSPRONKLIKE BEGROTING 2022/2023	BEFONDSING BESTEE IN 2021/2022	HERSIENE BEGROTING 2022/2023	BEGROTING 2023/2024	BEGROTING 2023/2024	
Hawston BS (378)						Bostrukture
Blompark BS (539)	R22 360 000,00	R10 654 175,00	R11 705 825,00	R20 190 000,00	R13 000 000,00	
Swartdamweg Terrein C1 BS (150)	R195 000,00		R195 000,00			
Masakhane BS (295)	R26 000 000,00	R3 586 907,00	R22 413 093,00	R13 000 000,00	–	
Stanford BS (783)	R23 400 000,00		R23 400 000,00	R13 000 000,00	R13 000 000,00	
TOTALE BEDRYFSBESTEDING	R71 955 000,00	– R14 241 082,00	R57 713 918,00	R46 190 000,00	R26 000 000,00	
Masakhane UISP[1] (1179)	R19 933 000,00	–	R16 522 638,00			Dienste soos stormwater, paaie, water, ens.
Terrein C1 & C2, Swartdamweg, grensmuur			R3 410 362,00			
Masakhane UISP onderbou (1179)	R8 892 000,00		R8 892 000,00	R5 130 000,00	–	
Tambo Square & New Camp (82)				R8 500 000,00	R1 700 000,00	
Mount Pleasant IRDP[2] -tussenbou (315)	R8 260 000,00	R1 000 000,00	R7 260 000,00			
Kleinmond IRDP	R800 000,00		R800 000,00	R1 000 000,00	R1 500 000,00	
Kleinmond Overhills UISP	R600 000,00		R600 000,00	R1 000 000,00	R1 200 000,00	
Groter Hermanus (Hawston Seafarms)	R1 000 000,00		R1 000 000,00			
Buffeljagsbaai	R300 000,00		R300 000,00	R600 000,00	R1 000 000,00	
Afdaksrivier-aankope				R5 000 000,00	R1 000 000,00	
TOTALE KAPITAALBESTEDING	R39 785 000,00	R 1 000 000,00	R38 785 000,00	R21 230 000,00	R6 400 000,00	
GROOTTOTAAL	R111 740 000,00	– R15 241 082,00	R96 498 918,00	R67 420 000,00	R32 400 000,00	

Wet op Verdeling van Inkomste 2022/2023	R116 740 000,00
Provinsiale projekte (dept. menslike nedersettings)	– R5 000 000,00
Munisipale begroting	R111 740 000,00
Befondsing bestee in 2021/2022	– R15 241 082,00
Verminderde 2022/2023-begroting	R96 498 918,00

VOLGENDE "EERSTE DONDERDAG" GELEENTHEID

Sluit op Donderdag **7 Julie 2022** van 17:00 tot 19:00 in die **munisipale ouditorium op Hermanus** aan by Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Annelie Rabie, en die lede van haar burgemeesterskomitee sowel as munisipale bestuurder, Dean O'Neill, en sy topbestuurspan vir die volgende "Eerste Donderdag" geleentheid.

Moenie hierdie geleentheid misloop om van aangesig tot aangesig gesprek te voer oor hoe die munisipaliteit sy dienste kan verbeter sowel as oor hoe die uitvoerende bestuur meer responsief op die behoeftes van die gemeenskap kan reageer nie.

Dit is nie nodig om 'n afspraak te maak nie aangesien sessies op die grondslag van "eerste daar, eerste kans" behartig word en bondig gehou word sodat ons soveel mense as moontlik kan akkommodeer.

KONSTRUKSIE VAN NUWE GANSBAAI-SUBSTASIE ONDERWEG

Die grootste elektriese projek wat tot hede toe deur Munisipaliteit Overstrand onderneem is, behels die oprigting van 'n nuwe 66/11 kV- binnenshuise substasie net buite Gansbaai teen 'n koste van R64.6 miljoen plus 'n verdere R7.4 miljoen vir aansluitingsfooie.

Aangesien hierdie projek behels dat 'n nuwe 66 kV- oorhoofse eenpaal-hoëspanningsleiding vanaf Eskom se reëlingspunt na die nuwe substasie (toegerus met 'n 20 MVA-transformator) opgerig gaan word, is dit hoogs waarskynlik dat die nuwe binnenshuise Birkenhead-substasie grotendeels gaan help om die las te verlig wat tans in die area ervaar word en voldoende kapasiteit vir toekomstige ontwikkelings sal verskaf.

Tans word kapasiteit om elektrisiteit in die area te versprei beperk weens die enkele Eskom-toevoer na die hoofsubstasie in Gansbaai en die konfigurasie van die bestaande netwerk.

Die aanbeveling was dus dat die bestaande en voorsiene toekomstige las na 'n tweede verskaffingspunt met 'n hoër toevoerspanning van 66 kV versprei word. Die las sal dan vanaf daardie punt vir toevoer na die bestaande 11 kV-netwerk verlaag word, welke netwerk ook as deel van die projek hersaamgestel gaan word.

Die nuwe 66 kV-Birkenhead-substasie is deur iX Engineers en MLB Architecture ontwerp. 'n Maatskappy genaamd Adenco Construction wat in elektriese ingenieurswese en installasies van hierdie aard spesialiseer, is aangestel om die konstruksie en installering van die onderskeie komponente te bestuur.

Ter bevordering van vaardigheidsontwikkeling en die benutting van plaaslike arbeid was een van die vereistes vir die toekenning van hierdie projek dat 30% van die konstruksiewaarde gesubkontrakteer word aan kwalifiserende klein ondernemings en vrygestelde mikro-ondernemings wat op die Sentrale Verskafferdatabasis geregistreer is. Voorts, onder toesig van Munisipaliteit Overstrand se inisiatief vir belegging in gemeenskappe, gaan Adenco R50 000 bydra sodat Gansbaai Academia 'n rekenaarsentrum op die been kan bring.

Na verwagting sal die Birkenhead-substasie teen die helfte van 2024 voltooi wees.

Dié projek word gesamentlik befonds deur die departement van minerale hulpbronne en energie en Munisipaliteit Overstrand.

PEARLY BEACH-KLINIEK TYDELIK VERSKUIF

Vroeg in Junie moes die satellietkliniek in Pearly Beach gesluit en tydelik na die gemeenskapsaal verskuif word.

Dit was nodig omdat die Wes-Kaapse Regering se departement gesondheid en welstand oor die volgende twee maande uiters noodsaaklike opknappings- en herstelwerk by die bestaande kliniek gaan onderneem.

Volgens die departement het dié werk ten doel om die veiligheid en waardigheid van pasiënte wat na hierdie kliniek kom, te verbeter. Juis daarom gaan daar ook aandag geskenk word aan dinge soos gerieflike toeganklikheid vir gestremdes, verbeterings aan die wag-area, behoorlike aanwysingsborde en grensheinings.Tot tyd en wyl die opknappings afgehandel is, sal kliniekdienste elke tweede Donderdag van 09:00 – 15:00 in die gemeenskapsaal aangebied word.

Die departement vra om verskoning vir enige ongerief en versoek dat alle navrae in hierdie verband gerig word aan 028 384 1917.

MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE: WAT JY IN 2022/2023 TE WAGTE KAN WEES

SRA-heffings sal na gelang van die geval bygevoeg word.

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2022/2023

Hoë verbruik met koopkragmeter Waardasie: R3 500 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		1 426,00	1 510,13	84,13	5,90
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	653,35	681,44	28,09	4,30
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	201,59	213,48	11,89	5,90
Water	50 kℓ	1 246,73	1 307,82	61,09	4,90
BTW	15%	323,28	338,44	15,16	4,69
SUBTOTAAL		3 904,49	4 104,86	200,37	5,13
Koopkragmeter	1500kWh	3 901,21	4 192,63	291,42	7,47
BTW	15%	585,18	628,89	43,71	7,47
TOTAAL		8 390,88	8 926,38	535,51	6,38

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2022/2023

Sub-ekonomiese verbruik (Deernishulp) Waardasie: R50 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		0,00	0,00	0,00	0,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1	0,00	0,00	0,00	0,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	0,00	0,00	0,00	0,00
Water	6 kℓ	0,00	0,00	0,00	0,00
BTW	15%	6,26	6,26	0,00	0,00
SUBTOTAAL		47,96	47,96	0,00	0,00
Koopkragmeter	150kWh	216,99	233,20	16,21	7,47
BTW	15%	32,55	34,98	2,43	7,47
TOTAAL		297,49	316,13	18,64	6,27

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2022/2023

Medium verbruik met koopkragmeter Waardasie: R2 500 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		1 012.67	1 072,41	59,75	5,90
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	392,78	409,66	16,89	4,30
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	201,59	213,48	11,89	5,90
Water	25 kℓ	476,08	499,41	23,33	4,90
BTW	15%	168,60	176,41	7,82	4,64
SUBTOTAAL		2 305,25	2 424,92	119,68	5,19
Koopkragmeter	800kWh	1 999,66	2 149,03	149,37	7,47
BTW	15%	299,95	322,35	22,41	7,47
TOTAAL		4 604,85	4 896,31	291,46	6,33

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – SAKE 2022/2023

Sake-ondernemings – Medium (drie fase) Waardasie: R3 200 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		2 504,00	2 651,74	147,74	5,90
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	668,24	696,97	28,73	4,30
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	604,77	640,45	35,68	5,90
Water	50 kℓ	950,83	997,42	46,59	4,90
BTW	15%	341,61	358,26	16,65	4,87
SUBTOTAAL		5 122,99	5 398,38	275,39	5,38
Elektrisiteit: Kredietmeter	7000kWh	17 223,63	18 510,24	1 286,61	7,47
BTW	15%	2 583,54	2 776,54	192,99	7,47
TOTAAL		24 930,16	26 685,15	1 754,99	7,04

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2022/2023

Lae verbruik met koopkragmeter Waardasie: R1 000 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		392,67	415,83	23,17	5,90
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	288,55	300,95	12,41	4,30
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	201,59	213,48	11,89	5,90
Water	15 kℓ	297,06	311,62	14,56	4,90
BTW	15%	126,11	131,94	5,83	4,62
SUBTOTAAL		1 359,51	1 427,37	67,85	4,99
Koopkragmeter	600kWh	1 456,36	1 565,14	108,79	7,47
BTW	15%	218,45	234,77	16,32	7,47
TOTAAL		3 034,32	3 227,28	192,96	6,36

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ONBEBOUDE ERWE 2022/2023

Gemiddelde waardasie Waardasie: R250 000		Jaar 2021/22	Jaar 2022/23	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		176,88	187,31	10,44	5,90
Kan met riolering verbind	Beskikbaarheid	132,20	137,88	5,68	4,30
Vullis	Beskikbaarheid	100,79	106,73	5,95	5,90
Elektrisiteit	Beskikbaarheid	408,17	438,66	30,49	7,47
Water	Beskikbaarheid	148,35	155,62	7,27	4,90
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
BTW	15%	126,46	133,87	7,41	5,86
TOTAAL		1 146,38	1 213,61	67,23	5,86

HAWSTON GAAN WAARSKYNLIK VOORGESTELDE TEGNIESE SKOOL HUISVES

Na herroeping van 'n vorige besluit om toestemming te verleen vir 'n tegniese skool in Langstraat, Sandbaai, stel die Raad nou voor dat hierdie skool eerder in die Fisherhaven/Hawston-area opgerig word.

Ter motivering van hierdie besluit het Burgemeester Rabie daarop gewys dat die besigheidspark wat tans in die Hawston-area opgerig word die ideale geleentheid aan leerders bied om praktiese ondervinding op te doen wat dalk die vooruitsig van permanente indiensname kan inhou.

Sy het ook daarop gewys dat leerders komende van die Hangklip-Kleinmond-area lang afstande sal moet aflê om 'n tegniese skool in Sandbaai by te woon, 'n situasie wat die druk spitsverkeer wat reeds in hierdie area ervaar word net sal vererger.

Aangesien persele in die Fisherhaven/Hawston-area reeds vir skooldoeleindes gesoneer is, is Burgemeester Rabie van mening dat om die tegniese skool hier op te rig tot beswil van die gemeenskap sal wees, en veral daardie leerders wat by die skool se toeganklikheid sal baat.

Haar voorstel is dat erf 2825, Sandbaai wat voorheen vir die ontwikkeling van die skool toegewys is, eerder vir gemeenskapsgesondheidsdoeleindes aangewend moet word aangesien 'n dringende behoefte aan hierdie dienste ontstaan het gegewe die bevolkingsgroei wat in die Groter Hermanus-area ervaar word.

Hierdie aangeleentheid word tans deur die tersaaklike provinsiale owerhede oorweeg en die publiek sal op die hoogte gehou word van enige vordering in hierdie verband.